Die hoër binnelandse vraag en die laer binnelandse produksie het tot uiting gekom in 'n aansienlike daling in die oorskot op die *lopende rekening van die betalingsbalans* vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R9,7 miljard in die vierde kwartaal van 1990 tot R1,5 miljard in die eerste kwartaal van 1991. Soos in meer besonderhede hieronder aangedui word, was hierdie verandering in die oorskot van 'n baie hoë na 'n baie lae kwartaalsyfer deels toe te skryf aan buitengewone omstandighede wat grootliks met die krisis in die Midde-Ooste verband gehou het. Dit skyn derhalwe meer gepas te wees om die gemiddelde oorskot op die lopende rekening gedurende die afgelope twee kwartale (wat teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers R5,6 miljard bedra het) te vergelyk met die R4,2 miljard oorskot van die derde kwartaal van 1990. Nietemin was die aansienlike verswakking wat in die eerste kwartaal in die lopende rekening voorgekom het, die gevolg van 'n skerp toename in die hoeveelheid en 'n matige toename in die pryse van ingevoerde goedere, tesame met afnames in die waarde van die

goedere-uitvoer en die netto gouduitvoer.

Die netto uitvloeiing van R1,8 miljard van kapitaal nie verwant aan reserwes nie wat in die vierde kwartaal van 1990 voorgekom het, het na 'n netto *invloeiing van kapitaal* van ongeveer R0,8 miljard in die eerste kwartaal van 1991 omgeswaai. Hierdie invloeiing van kapitaal het hoofsaaklik verband gehou met die hoër waarde van die invoer, wat groter handels- en projekfinansiering deur handelsvennootlande tot gevolg gehad het. Openbare korporasies was weer eens netto leners van langtermynfondse op die buitelandse kapitaalmarkte. Terselfdertyd is verdere terugbetalings gemaak op buitelandse skuld kragtens die stilstandreëlings met krediteurbanke, sowel as op toondereffekte wat verval het.

Die netto invloeiing van kapitaal en die klein oorskot op die lopende rekening was verantwoordelik vir 'n toename van R1,8 miljard in die totale netto *buitelandse reserwes* in die eerste kwartaal van 1991. Die verbetering in die buitelandse reserwes het die Reserwebank in staat gestel om bykans al sy oorblywende buitelandse laste verwant aan reserwes terug te betaal. Ten spyte van hierdie terugbetalings het die totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes nog in die eerste kwartaal van 1991 met R1,4 miljard tot 'n vlak van R8,7 miljard aan die einde van Maart gestyg. In April-Mei het die bruto buitelandse reserwes van die Reserwebank weer matig met R99 miljoen gedaal.

Hierdie gunstige ontwikkelings in die betalingsbalans het gepaard gegaan met 'n betreklik stabiele effektiewe *wisselkoers* van die rand. Die rand het egter aanmerklik gededesieer teenoor 'n baie sterk VSA-dollar, wat tot 'n aansienlike vernouing van die diskonto op die finansiële rand vanaf ongeveer 25 persent aan die begin van 1991 tot 14,1 persent op 31 Mei bygedra het.

Die laer binnelandse produksie het ook 'n skerp afname in die groeiakoers van *werkverskaffing* in die sektore buite die landbou tot gevolg gehad. Terselfdertyd het die koers van toename in die nominale loon per werker effens afgeneem, maar dit het in 1990 nog soveel as 16,7 persent beloop wat merkbaar hoër as die inflasiekoers was. Boonop het die hoër reële loon per werker gepaard gegaan met 'n aansienlike daling in arbeidsproduktiwiteit in die sektore buite die landbou, wat 'n skerp toename in die reële arbeidseenheidskoste tot gevolg gehad het.

Die voortdurende betreklik hoë koerse van toename in arbeidskoste was steeds 'n belangrike belemmerende faktor in die strewe om Suid-Afrika se *inflasiekoers* meer in ooreenstemming met dié van sy belangrikste handelsvennootlande te bring. Boonop het die krisis in die Persiese Golf ook meegebring dat sowel die produksie- as die verbruikersprysindeks in die tweede helfte van 1990 tot hoër vlakke opgeskiet het. Verminderings in petrol- en

verwante brandstofpryse in November en Desember 1990 is daarna gedurende die eerste vier maande van 1991 gevolg deur 'n afwaarts wisselende beweging in die koers van prysstygings. Die vlakke van die toenamekoerse in die verbruikers- en produksiepryse in April was nietemin nog steeds hoër as hulle vlakke by hulle onderste draaipunte in Julie 1990.

Op die monetêre front is ontwikkelings beïnvloed deur die inwerkingtreëning van die Wet op Depositonemende Instellings met ingang 1 Februarie 1991. Aanvanklik in afwagting van die Wet en later as gevolg van veranderings meegebring deur die Wet, is terugkooppooreenkomste (wat nie by die monetêre totale ingesluit word nie) omgeskakel na gewone deposito's (wat wel by die monetêre totale ingesluit word). Hierdie omskakelings het derhalwe gelei tot 'n versnelling van die statistiesgemete groei van die geldvoorraad en bankkrediet vanaf November 1990, wat in Februarie 1991 verskerp het. Dit was ook hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik dat die M3-geldvoorraad in Februarie 1991 bokant die boonste perk van die nuwe geldvoorraadriglyne van 8 tot 12 persent vir die "riglynjaar" 1991 beweeg het.

Ontwikkelings in die finansiële markte is in die eerste vyf maande van 1991 gekenmerk deur 'n aansienlike verruiming van die geldmark ten spyte van die korttermyn-intervensie deur die Reserwebank om die oorskotlikwiditeit te dreineer. Kort na die verlaging van die Bank se akkommodasiekoerse met ingang 11 Maart 1991 het die korttermynrentekoerse weer afwaarts begin beweeg.

Die handelsbedrywigheid in die sekondêre kapitaalmark het ook aansienlik herstel, maar die bedrag aan fondse wat deur die openbare sektor deur middel van nuwe uitgiftes in die primêre mark opgeneem is, het skerp afgeneem. Die waarde van transaksies in vaste eiendom het op 'n hoë vlak gebly en die daling in die gemiddelde pryse van aandele sedert die begin van 1990 is gestuit; die meeste aandelepryse het in werklikheid gedurende die tydperk Februarie tot Mei aanmerklik verstewig. Opbrengs- en uitleenkoerse in die kapitaalmark het gedurende die eerste kwartaal van 1991 om 'n effens afwaartse neiging gewissel, terwyl depositokoerse (met die uitsondering van koerse op belastingvrye beleggings) met slegs ½ persentasiepunt in April verlaag is.

Op die gebied van die staatsfinansies het die koers van toename in Skatkisuitreikings in die Maart-kwartaal van die fiskale jaar aansienlik versnel. Die koers van toename in Skatkisontvangstes het terselfdertyd aanmerklik toegeneem. Dit het gelei tot 'n tekort van R2 170 miljoen voor lenings en skuldaflissing, vergeleke met 'n oorskot van R1 408 miljoen in die eerste kwartaal van 1990.


Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie


Die betreklike matigheid van die huidige afgang in ekonomiese bedrywigheid waarna in die inleiding verwys is, blyk duidelik uit die veranderings in binnelandse produksie. Nadat die reële bruto binnelandse produk in 1988 met 4 persent gestyg het, het dit in 1989 met nog 2 persent toegeneem — die eerste kalenderjaar wat oorwegend in die afwaartse fase van die konjunkturgolf geval het. Tien maande van ekonomiese inkrimping is toe in 1990 gevolg deur 'n afname van 1 persent in die reële produksie. Hierdie afname het hoofsaaklik in die primêre sektore (veral in die landbou) voorgekom. Alhoewel fabrieksproduksie ook gedurende die jaar matig gedaal het, het die toegevoegde waarde van die nie-primêre sektore in 1990 met minder as ½ persent afgeneem.

In die eerste kwartaal van 1991 het die reële bruto binnelandse produk verder teen 'n jaarkoers van 1 persent gedaal. Die binnelandse produksie het dus nou vir ses opeenvolgende kwartale gedaal en volgens beskikbare inligting is daar nog steeds geen aanduiding van 'n ommekeer in die nabye toekoms

Reële bruto binnelandse produk



Komponente van reële bruto binnelandse produk



nie. Met die uitsondering van die vierde kwartaal van 1989, toe 'n aansienlike daling in landbouproduksie hoofsaaklik vir 'n daling in reële produksie teen 'n jaarkoers van 2½ persent verantwoordelik was, het die dalings in die daaropvolgende vyf kwartale teen jaarkoerse van tussen ½ en 1½ persent gewissel.

Produksieramings volgens sektore toon dat die verdere afname in die reële bruto binnelandse produk in die eerste kwartaal van 1991 veral in die reële toegevoegde waarde van die mynbousektor plaasgevind het. Dit kan hoofsaaklik aan 'n aansienlike daling in die goudproduksie en 'n lustelose vertoning deur ander myne toegeskryf word. Die goudmynbedryf is nadelig getref deur die verswakende dollarprys van goud. Ander faktore soos die hoë vlak van produksiekoste, die afnemende beskikbaarheid van lonende gouderts en rasionaliseringsprogramme om onwinsgewende

bedrywighede tot 'n minimum te beperk, het tot 'n afname in ertsproduksie gelei wat groter was as die klein styging in die gemiddelde goudgehalte van die erts wat in die eerste kwartaal van 1991 verwerk is.

Daarteenoor het die landbouproduksie in die eerste kwartaal effens verbeter. Hierdie verbetering het hoofsaaklik voortgespruit uit 'n toename in die tuinbouproduksie. Hierdie matige oplewing van die landbouproduksie het gevolg op 'n skerp dalende neiging in die voorafgaande vyf kwartale met die gevolg dat die toegevoegde waarde van die landbou in die eerste kwartaal van 1991 nog steeds 22 persent onder die hoogtepunt in die derde kwartaal van 1989 was. Die netto resultaat van hierdie ontwikkelings in die eerste kwartaal van 1991 was 'n algehele inkrimping teen 'n jaarkoers van ongeveer 2 persent in die primêre sektore se totale reële produksie.

Die reële toegevoegde waarde van die sekondêre sektor het in die eerste kwartaal van 1991 teen 'n jaarkoers van ongeveer 3 persent afgeneem. Dit het gevolg op 'n toename van 5 persent in die voorafgaande kwartaal. Gevolglik was die reële produksie van die sekondêre sektore in die eerste kwartaal van 1991 slegs ½ persent laer as in die ooreenstemmende kwartaal van 1990. Afnames is in die eerste kwartaal van 1991 in al die vernaamste subsektore van die sekondêre sektor aangeteken, dit wil sê in die fabriekswese, die konstruksiebedryf, en in elektrisiteit-, gas- en watervoorsiening.


Produksiedalings in die fabriekswese het hoofsaaklik in die subsektore klerasie, nie-metaalhoudende mineraalprodukte, onedelmetale, en masjinerie en vervoertoerusting voorgekom, terwyl die produksie van voedsel, papier en drukwerk, en chemiese produkte toegeneem het. Die afname in die reële produksie van die konstruksiebedryf het hoofsaaklik die afname in die woningbou en die algemene trae saketoestande wat in die siviele ingenieursbedryf geheers het, weerspieël.

Die reële toegevoegde waarde van die tersiêre sektore het in die eerste kwartaal van 1991 na raming effens toegeneem teen 'n jaarkoers van ongeveer ½ persent. Kleiner groot- en kleinhandelsverkope het egter tot gevolg gehad dat die reële produksie van die handel effens afgeneem het. In die ander sektore, te wete vervoer, finansies, die algemene owerheid, en gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste, het positiewe groei-koerse wat tussen ½ en 2 persent gewissel het, voorgekom.

Binnelandse besteding

Die reële bruto binnelandse besteding het selfs voor die begin van die afgang in die ekonomiese bedrywigheid begin daal en het vir vier opeenvolgende kwartale, van die tweede kwartaal

Reële bruto binnelandse besteding




van 1989 tot die eerste kwartaal van 1990, ingekrimp. In die middelkwartale van 1990 is hierdie inkrumping egter omgekeer toe die reële bruto binnelandse besteding teen jaarkoerse van ongeveer 3 en 4 persent in die tweede en derde kwartaal toegeneem het. Dit was hoofsaaklik die gevolg van 'n voortgesette matige toename in die reële private verbruiksbesteding en 'n verlangsaming in die afbouing van voorrade. Ondanks die volgehoue hoë vlak van totale reële verbruiksbesteding, het die reële bruto binnelandse besteding vervolgens in die vierde kwartaal van 1990 weer skerp gedaal as gevolg van 'n verdere afname in die reële bruto binnelandse vaste investering en 'n aansienlike afbouing van voorrade.

Die jongste ramings dui daarop dat die verandering van kwartaal tot kwartaal in die totale reële bruto binnelandse besteding in die eerste kwartaal van 1991 weer gestyg het. Dit kan veral aan verdere toenames in die reële verbruiksbesteding deur huishoudings en die algemene owerheid toegeskryf word. Boonop het die koers van afname in reële voorrade aansienlik verlangsam, terwyl die koers van afname in die reële bruto binnelandse vaste investering na 3½ persent van 5½ persent in die derde en vierde kwartaal van 1990 verminder het.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die reële private verbruiksbesteding het deurgaans op verrassend lewendige besteding in die kalenderjaar 1990 gedui en toenames teen jaarkoerse wat tussen 2 en 2½ persent geskommel het, is in die vier kwartale aangeteken. Die ramings vir die eerste kwartaal van 1991 toon 'n verdere toename in die reële besteding deur huishoudings,

Komponente van reële private verbruiksbesteding




alhoewel teen 'n laer koers van sowat 1 persent. Hierdie verlansaming in die reële verbruiksbesteding deur huishoudings het uit 'n bykans sywaartse beweging in die reële besteding aan duursame en semi-duursame goedere voortgespruit, terwyl die reële besteding aan nie-duursame goedere en aan dienste steeds 'n toenamekoers van ongeveer 1½ persent getoon het.

Soos reeds breedvoerig in vorige uitgawes van die *Kwartaalblad* bespreek is, het die voortgesette groei in die verbruiksbesteding die toenemende verbruiksgeoriënteerde aard van die Suid-Afrikaanse gemeenskap weerspieël en wat veral uit die besteding aan sekere soorte *duursame verbruiks goedere*, met die opmerklike uitsondering van persoonlike vervoertoerusting, geblyk het. Veral meubelverkope het in die tweede helfte van 1990 aansienlik toegeneem. In die eerste drie maande van 1991 het 'n inkrumping in die besteding aan meubels en vervoertoerusting 'n matige afname in die besteding aan duursame goedere tot gevolg gehad ten spyte van die voortgesette toename in die besteding aan klanktoerusting en ander toestelle.

Die skynbare einde van die lewendige besteding aan duursame goedere kan waarskynlik grootliks aan 'n vanselfsprekende afplating in die besteding aan duursame goedere toegeskryf word ná die bevrediging van die teruggehoue vraag in die oplewing gedurende die tweede helfte van 1990. Ander faktore, soos die traer ekonomiese toestande, die inkorting van arbeid in verskeie sektore van die ekonomie en die hoë vlak van geweld in die Swart

Hoofkomponente van reële bruto binnelandse besteding



woongebiede kon ook tot 'n meer konserwatiewe ingesteldheid in die besteding aan luukse goedere gelei het.

Die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het in die eerste kwartaal van 1991 weer eens betekenisvol toegeneem. Ná 'n toename in die vierde kwartaal van 1990 teen 'n jaarkoers van 16 persent, het die reële besteding van die algemene owerheid in die eerste kwartaal van 1991 teen 'n selfs hoër koers van 19½ persent toegeneem. Hierdie skerp styging in die besteding van die algemene owerheid het bykans geheel en al plaasgevind in die reële besteding aan intermediêre goedere en dienste. Die reële vergoeding van werknemers (soos

deur die verandering in werkgeleenthede gemeet) het min verandering getoon vanaf die vlak wat in die vierde kwartaal van 1990 behaal is. Die verdere aansienlike toename in owerheidsbesteding het die totale uitbreiding in die reële owerheidsverbruiksbesteding vir die fiskale jaar 1990/91 op 2½ persent te staan gebring. In die fiskale jaar 1989/90 was hierdie toename minder as 2 persent.


Nadat die totale reële bruto binnelandse vaste investering 'n onlangse hoogtepunt in die derde kwartaal van 1989 bereik het, het dit in 1990 en in die eerste kwartaal van 1991 'n voortgesette afname getoon. Hierdie inkrimpings in ses opeenvolgende kwartale kan aan afnames in die reële vaste kapitaalvorming van die private sektor en die openbare owerhede toegeskryf word, wat die toename in sodanige besteding deur die openbare korporasies oorskry het.

Soos reeds gemeld, het die afname in die totale reële bruto binnelandse vaste investering in die eerste kwartaal van 1991 tot 'n geraamde jaarkoers van 3½ persent verlangsaam, vergeleke met 'n gemiddelde koers van afname van 5½ persent per kwartaal in die laaste helfte van 1990. Die hoofkatore wat vir hierdie stadiger groei verantwoordelik was, was eerstens 'n kleiner afname in die reële vaste investering deur die private sektor wat reeds sedert die eerste kwartaal van 1989 'n afwaartse neiging getoon het. Tweedens het 'n opmerkbare toename in die reële besteding aan kapitaalbates deur Transnet 'n versnelling in die koers van afname van die vaste investering deur die openbare owerhede verhoed. Derdens het die reële vaste investering deur openbare korporasies effens verder toegeneem.

Reële vaste kapitaalvorming deur die private sektor het in die eerste kwartaal van 1991 teen 'n jaarkoers van sowat 3½ persent afgeneem, teenoor 'n afname van meer as 4½ persent in die vorige kwartaal. 'n Ontleding volgens sektor toon dat die afnames in die landbou, handel en finansies groter was as die toenames in die investering deur die mynbou en die fabriekswese. Verskeie faktore het bygedra om hierdie verdere afname in die vaste investering deur die private sektor te bewerkstellig, onder andere die opeenvolgende droogtes en die stygende vlakke van landbouksuld, onsekerhede aangaande politieke ontwikkelinge en die grondbesitvraagstuk, die afgang van ekonomiese bedrywigheid, onrus in die Swart woongebiede, onenigheid in bestuur/arbeidsverhoudinge en hoë rentekoerse.

Die reële vaste kapitaalvorming deur die openbare sektor het in die eerste kwartaal van 1991 teen 'n jaarkoers van ongeveer 3½ persent ingekrimp, nadat dit in die vorige kwartaal teen 'n koers van 6½ persent afgeneem het. Dit was die netto resultaat van 'n verdere afwaartse beweging

Reële bruto binnelandse vaste investering



in reële vaste investering deur die algemene owerheid wat groter was as die toename wat deur openbare korporasies aangeteken is, terwyl vaste investering deur sakeondernemings van die owerheid bykans onveranderd gebly het. In die geval van die algemene owerheid het die reële besteding aan vaste investering deur die Sentrale Regering en plaaslike owerhede in die eerste kwartaal afgeneem, terwyl die provinsiale administrasies 'n toename vanaf die laagtepunt in die vierde kwartaal van 1990 getoon het.

Die verminderde afbouing van voorrade in die eerste kwartaal van 1991 het gevolg op 'n intering van bykans R5,5 miljard (seisoenaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers) op alle voorrade in die vierde kwartaal van 1990. Die verdere afname in voorrade in die eerste kwartaal van 1991 kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n afname in die netto buitelandse saldo, wat weer oorwegend die gevolg was van groter hoeveelhede ingevoer. 'n Ontleding volgens sektor toon dat laer koerse van voorraadvermindering hoofsaaklik in die nywerheids- en die handelsektor en in die diamantvoorraad-in-die-handel waargeneem kon word. Voorrade in die mynbousektor het in werklikheid toegeneem.

Ten spyte van die afname in die afbouing van reële nywerheids- en handelsvoorrade, het die verhouding van hierdie voorrade tot die reële bruto binnelandse produk in die eerste kwartaal van 1991 bykans onveranderd gebly op die lae vlak van 18% persent wat in die vierde kwartaal van 1990 bereik is.

Faktorinkome

Die totale nominale faktorinkome teen markpryse, seisoenaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers, het met 10 persent van die vierde kwartaal van 1990 tot die eerste kwartaal van 1991 toegeneem. Alhoewel hierdie koers van toename effens hoër was as dié van die vorige kwartaal, was dit nogtans heelwat laer as die gemiddelde jaarkoerse van toename van 17% en 13 persent wat in 1989 en 1990 aangeteken is. Die verdere matige toename in faktorinkome was die netto gevolg van 'n stadiger groei in die vergoeding van werknemers tesame met 'n styging in die koers van toename van die totale bruto bedryfsurplus.

Die groei van kwartaal tot kwartaal in die totale arbeidsvergoeding (ná seisoenaansuiwering en tot 'n jaarkoers verhef) het teruggesak van 23 persent in die tweede kwartaal van 1990 tot 13 persent in die vierde kwartaal en tot bykans 11 persent in die eerste kwartaal van 1991. 'n Ontleding volgens sektor toon dat hierdie verlangsamings in die koers van toename in die vergoeding van werknemers taamlik wyd verspreid voorgekom het, maar dit was veral opvallend in die mynbou- en die fabriekswese-sektor. Die rasionaliseringsprogramme wat deur verskeie myne ingestel is, het 'n aansienlike vermindering in hul arbeidsmag teweeggebring, terwyl werkverskaffing in vervaardigingsondernemings sowel as in die meeste ander sektore nadelig deur laer produksievlakke getref is. Die resessie het dus nie slegs 'n ongunstige uitwerking op nuwe werkskepping gehad nie, maar het ook tot 'n afname in bestaande werkgeleenthede gelei. 'n Verdere, meer strukturele, bydraende faktor tot hierdie matiging in die arbeidsvergoeding was die toenemende meganisering met die doel om arbeidskoste in bedwang te hou en om ondernemings minder kwesbaar te maak vir sporadiese werkers-optrede, stakings, algemene wegbly-aksies en onrealistiese looneise.


Nadat die groei van kwartaal tot kwartaal in die totale nominale bruto bedryfsurplus gekrimp het van 'n jaarvlak van 13 persent in die eerste kwartaal van 1990 tot 'n afname van 1½ persent in die vierde kwartaal, het dit weer tot 11 persent in die eerste kwartaal van 1991 gestyg. Hierdie versnelling het plaasgevind ondanks die swak prestasie van die bedryfsurplusse in die mynbou- en die konstruksie-bedryf en het die gunstige resultate van 'n aantal maatskappye in die fabriekswese, handel, elektrisiteit-, gas- en watervoorsiening en finansies weerspieël. Die bruto bedryfsurplus van die landbousektor het ook ietwat herstel ná die aansienlike dalings van die voorafgaande twee kwartale.

Binnelandse besparing

Die *binnelandse besparingsverhouding* (d.w.s. die verhouding van die bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk), wat vanaf 'n onlangse hoogtepunt van 23% persent in die derde kwartaal van 1989 tot 21 persent in die derde kwartaal van 1990 en 21½ persent in die vierde kwartaal afgeneem het, het in die eerste kwartaal van 1991 verder tot effens minder as 19 persent gedaal. Hierdie verhouding kan met 'n gemiddelde van 24% persent in die tagtigerjare vergelyk word. Die verdere afname in die binnelandse besparingsverhouding in die eerste kwartaal van 1991 het hoofsaaklik voortgespruit uit die ontsparing deur die algemene owerheid tesame met 'n laer vlak van persoonlike besparing, wat groter as 'n klein toename in maatskappybesparing was.

Vir ses opeenvolgende kwartale, vanaf die derde kwartaal van 1989 tot die vierde kwartaal van 1990, het die *algemene owerheid* positiewe bydraes tot die netto binnelandse besparing gemaak vanweë die betreklik lae groeiakoers in die lopende owerheidsuitgawes en die skerp stygings in die lopende inkomste van die owerheid. In die vierde kwartaal van 1990 het die lopende uitgawes van die owerheid skerp begin styg en dit het tot laer, maar nogtans positiewe, besparing deur die algemene owerheid gelei. 'n Verdere aansienlike styging in die lopende uitgawes van die owerheid en laer inkomste uit direkte belastinge, het in die eerste kwartaal van 1991 hierdie positiewe besparing weer in 'n netto ontsparing omskep.

Verhouding van owerheids- en persoonlike besparing tot bruto binnelandse besparing



Hierbenewens het die netto besparing deur *huishoudings*, wat in die vierde kwartaal van 1990 redelik skerp gestyg het, in die eerste kwartaal van 1991 weer eens 'n inkrimping getoon. Persoonlike besparing as 'n verhouding van persoonlike beskikbare inkomste het gedurende dieselfde tydperk ook weer van 2 persent tot 1½ persent verswak. Hierdie verdere daling in huishoudings se besparing kan toegeskryf word aan 'n klein afname teen 'n jaarkoers van minder as ½ persent in die persoonlike beskikbare inkomste en aan die onwiligheid van huishoudings om laer lewenstandaarde te aanvaar deur verbruiksbesteding in te kort. In die eerste kwartaal van 1991 was die seisoensangesuiwerde vlak van huishoudings se besparing teen 'n jaarkoers derhalwe sowat 35 persent onder sy hoogtepunt in die vierde kwartaal van 1988.

In teenstelling met hierdie ontwikkelings het maatskappybesparing in die eerste kwartaal van 1991 effens gestyg ná 'n duidelike dalende neiging in 1990. Hierdie matige verbetering in maatskappybesparing het verband gehou met die styging in die nominale bruto bedryfsurplus van sakeondernemings en het hoofsaaklik in sekere sektore soos die vervaardiging, handel en finansiewese voorgekom. Die jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die bedryfsurplusse van hierdie sektore het in die eerste kwartaal van 1991 tussen 9 en 16 persent gewissel.


Werkverskaffing

Die *totale werkverskaffing** in al die sektore van die ekonomie, uitgesonderd die landbou, het teen 'n betreklik matige gemiddelde jaarkoers van 1,2 persent in die konjunkturele opgang van 1986 tot 1989 uitgebrei. Dit is gevolg deur 'n selfs laer, maar steeds positiewe toename van 0,7 persent in die vroeë afgangjaar 1989. Werkverskaffing in hierdie sektore het egter met die langdurige afname in ekonomiese bedrywighede in werklikheid in 1990 teen 'n koers van 0,4 persent afgeneem. Werkverskaffing in die sektore buite die landbou het in die loop van 1990 steeds teen 'n seisoensangesuiwerde jaarkoers van 2,8 persent in die eerste kwartaal toegeneem, maar daarna teen koerse van 2,8, 2,3 en 0,9 persent in die daaropvolgende drie kwartale afgeneem. Beschikbare inligting vir die eerste kwartaal van 1991 dui op verdere afnames in die aantal persone wat in die fabriekswese, konstruksiebedryf en elektrisiteitsopwekking in diens geneem is.

Werkverskaffing in die *private sektor* buite die landbou het in 1990 met 0,6 persent afgeneem, in vergelyking met 'n toename van 0,5 persent in 1989.

* Hersiene seisoensangesuiwerde gegewens is gebruik in die gedeeltes oor werkverskaffing en arbeidskoste en -produktiwiteit.

Werkverskaffing in nie-landbousektore



Net soos totale nie-landbouwerkverskaffing, het werkverskaffing in die private sektor in die eerste kwartaal van 1990 teen 'n aanmerklik hoë seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 3,2 persent toegeneem. Daarna het dit, hoofsaaklik as gevolg van verminderings in die personeel van die konstruksiebedryf, die mynboubedryf, groothandel en elektrisiteitsopwekking, teen ontstellende hoë koerse van 3,0, 2,8 en 3,6 persent in die volgende drie kwartale afgeneem.

Die totale werkverskaffing deur die openbare owerhede het ook in die eerste kwartaal van 1990 toegeneem, en wel teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 1,8 persent, voordat dit teen koerse van 2,5 en 0,8 persent in die volgende twee kwartale afgeneem het. Daarna het dit egter in die laaste kwartaal van 1990 weer skerp toegeneem teen 'n koers van nie minder nie as 5,9 persent as gevolg van toenames in die personeel van die sentrale regering, provinsiale administrasies, en die regerings van die selfregerende gebiede. Die totale werkverskaffing deur die openbare owerhede was ondanks hierdie skerp toename in die jaar 1990 in sy geheel, nog steeds 0,1 persent laer as in 1989.

As 'n aanduiding van die kleiner vraag na arbeid, het die verhouding van oortydure tot

normale ure gewerk in die vervaardigings-ondernemings van die derde kwartaal van 1989 tot Januarie 1991 gedaal. In die konstruksiebedryf het hierdie verhouding, per saldo, vanaf die tweede kwartaal van 1989 gedaal.

Soos wat onder hierdie omstandighede verwag kan word het die seisoensaangesuiwerde totale aantal geregistreerde werklose werkers meer as verdubbel van 'n onlangse laagtepunt van 109 600 in Januarie 1989 tot 276 800 in Desember 1990, maar daarna taamlik skerp tot 190 500 in Januarie 1991 afgeneem. Hierdie skerp styging in geregistreerde werkloosheid sedert middel-1990 is, soos wat reeds in vorige kwartaaloorsigte vermeld is, waarskynlik in 'n groot mate beïnvloed deur die implementering vanaf Julie 1990 van 'n nuwe metode om die aantal werkloses te bepaal. Die afname in Januarie 1991 was hoofsaaklik toe te skryf aan tegniese faktore en voorlopige gegewens dui daarop dat 'n verdere toename in werkloosheid in Februarie plaasgevind het.


Die seisoensaangesuiwerde aantal werklose werkers in die *Blanke, Kleurling- en Asiërbevolkingsgroepe* het ook verdubbel naamlik van 42 700 in Desember 1989 tot 95 800 in Desember 1990. In Januarie het dit aansienlik gedaal tot 67 400. Hierdie afname was waarskynlik ook aan tegniese faktore toe te skryf en voorlopige inligting vir Februarie dui daarop dat die werkloosheid in hierdie bevolkingsgroepe weer skerp toegeneem het.

Arbeidskoste en -produktiwiteit

Die koers van toename in die gemiddelde bedrag van *nominale* salarisse en lone per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie het van 11,4 persent in 1985 tot 18,0 persent in 1989 versnel — die hoogste toename sedert 1982. Daarna het dit matig tot 16,7 persent in 1990 afgeneem. Hierdie laer groei het egter hoofsaaklik in die eerste kwartaal van 1990 plaasgevind toe die toename in die nominale lone per werker, gemeet oor vier kwartale, 13,5 persent bedra het. Die koers van toename oor vier kwartale in die gemiddelde nominale loon per werker het daarna verontrustend tot 18,2 persent in die tweede kwartaal en tot effens laer koerse van 16,6 en 16,8 persent in die derde en vierde kwartaal van 1990 versnel.

Hierdie hoër koerse van toename in nominale loonpakkette was hoofsaaklik die gevolg van aanpassings in die vergoedingstruktuur van 'n groot aantal werknemers in die staatsdiens. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale salarisse en lone per werker in diens van die openbare owerhede het gevolglik van slegs 5,6 persent in die eerste kwartaal van 1990 tot 21,5, 22,2 en 21,2 persent in die laaste drie kwartale van die jaar gestyg. Werkers in diens van die openbare owerhede het in die afgelope twee jaar hoër salarisverhogings

Gemiddelde vergoeding per werker in nie-landbousektore



ontvang as dié van werkers in die private sektor en sodoende is die neiging omgekeer wat van 1985 tot 1988 geheers het.

Ondanks die verswakende werkverskaffings-omstandighede in die formele private sektore van die ekonomie buite die landbou, het die koers van toename van jaar tot jaar in die nominale loon per werker in die private sektor slegs marginaal van 16,3 persent in 1989 tot 16,1 persent in 1990 verlangsaam. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale loon per werker in die private sektor het nogtans van 18,0 persent in die vierde kwartaal van 1989 tot 14,1 en 14,6 persent in die derde en vierde kwartaal van 1990 gedaal. Beskikbare inligting vir die eerste kwartaal van 1991 dui egter op versnelings van loontoenames in die fabriekswese, die konstruksiebedryf en elektrisiteitsopwekking. Die onwilligheid van werknemers om ten volle geregverdigde loonsverhogings onder huidige omstandighede te aanvaar, word bevestig deur verslae aangaande looneise deur vakbonde wat oor die algemeen hoër as die huidige en verwagte inflasiekoers gebly het.

Die koers van toename in die reële loon per werker in die nie-landbousektore, wat 2,2 en 2,9

persent in 1988 en 1989 beloop het, het in 1990 tot 2,0 persent verlangsaam. Gedurende die loop van 1990 het die koers van verandering oor vier kwartale in die reële loon per nie-landbouwer aanvanklik tot -1,3 persent in die eerste kwartaal teruggesak, maar daarna 'n positiewe vlak van 3,7 persent in die tweede kwartaal bereik. Vervolgens het dit weer tot positiewe vlakke van 2,6 en 1,9 persent in die derde en vierde kwartaal teruggesak.

Nadat die reële arbeidsproduktiwiteit buite die landbou in die eerste jaar van die huidige siklusse afgang met slegs 0,8 persent verbeter het, het dit in 1990 onveranderd gebly. Arbeidsproduktiwiteit, gemeet oor vier kwartale, het aanvanklik voortgegaan om te daal; die koerse van afname het 0,8 en 0,6 persent in die eerste en die tweede kwartaal van 1990 bedra. Dit het daarna matig (teen koerse oor vier kwartale van 0,8 en 0,5 persent) in die derde en vierde kwartaal herstel. Hierdie swak prestasie van arbeidsproduktiwiteit was natuurlik gedeeltelik 'n konjunkturele verskynsel, maar dit was ook die gevolg van 'n skerp toename in die aantal mandae wat weens stakings en werkstopsettings verloor is. Die aantal mandae verloor weens stakings en werkstopsettings het van 1,5 miljoen in 1989 tot 2,0 miljoen in 1990 toegeneem.

Die versnelling van nominale loontoenames en die gelyktydige swakker prestasie van arbeidsproduktiwiteit het gelei tot 'n verontrustende koers van toename van 17,2 persent in die nominale arbeidseenheidskoste in 1989. Hierdie koers van toename het daarna effens tot 'n steeds hoë syfer van 16,3 persent in 1990 verlangsaam. Die koers van toename oor vier kwartale het in die loop van 1990 wisselvallig verloop, maar per saldo van 18,9 persent in die tweede kwartaal tot 16,2 persent in die vierde kwartaal afgeneem.

Afnames is van 1985 tot 1988 in die reële arbeidseenheidskoste aangeteken voordat hierdie kostes weer skerp met 2,1 persent in 1989 en met 1,7 persent in 1990 gestyg het. Hierdie toenames was hoofsaaklik die gevolg van die verswakking in arbeidsproduktiwiteit. Die koers van toename oor vier kwartale in die reële arbeidskoste per eenheid fisiese produksie het skerp van 4,3 persent in die vierde kwartaal van 1989 (die hoogste koers van toename sedert die vierde kwartaal van 1984) tot 0,4 persent in die eerste kwartaal van 1990 afgeneem. Daarná het dit tot 4,3 persent in die tweede kwartaal herversnel voordat dit weer tot 1,4 persent in die vierde kwartaal teruggesak het.

Inflasie

Nadat die inflasiekoers bemoedigende tekens getoon het dat dit besig was om te bedaar, het die inval van Koeweit deur Irak tot 'n aansienlike skerp styging in die invoerpryse van olie en ander petroleumprodukte gelei. Die direkte en sekondêre

uitwerking van hierdie hoër pryse is weerspieël in stygings in die meer belangrike binnelandse prysindekse. Die beëindiging van die Golfoorlog en die terugkeer van internasionale oliepryse tot die voor-oorlogse vlakke word tans, met die uitsondering van die prysindeks van ingevoerde goedere, nog nie weerspieël in enige betekenisvolle afnames in die koerse waarteen die pryse van binnelands geproduseerde goedere en verbruikersgoedere en -dienste styg nie. Hoër reële arbeidskoste, volgehoue inflasionistiese verwagtings en aansienlike stygings in die pryse van voedsel het verhoed dat die koers van toename van sowel die produksie- as die verbruikersprysindeks weer enigsins tot naby aan hul onderste vlakke in Julie 1990 afneem.

Die algemeen stabiele effektiewe wisselkoers van die rand en die verlaging van die bo-belasting op invoer in April 1990 het bygedra tot 'n dramatiese afname in die koers van toename van *kwartaal tot kwartaal* in die pryse van ingevoerde goedere van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 25,4 persent in die tweede kwartaal van 1989 tot slegs 0,1 persent in die derde kwartaal van 1990. Hierdie koers van toename het daarna, as gevolg van die aanvanklike uitwerking van die krisis in die Midde-Ooste op die internasionale oliepryse, skouspelagtig tot 'n historiese hoogtepunt van 59,4 persent in die vierde kwartaal versnel. Daarná het dit op 'n soortgelyke skouspelagtige wyse gedaal tot slegs 4,4 persent in die eerste kwartaal van 1991.

Die verlansaming in die koers van toename in invoerpryse, gemeet oor *periodes van twaalf maande*, van 19,3 persent in Junie 1989 tot slegs 4,1 persent in Augustus 1990 is ook hoofsaaklik vanweë die hoër oliepryse omgekeer. In November het hierdie koers van toename 19,1 persent bedra. Daarná het dit aansienlik geskommel maar per saldo 'n dalende verloop getoon en in Februarie 1991 15,3 persent bedra, voordat dit skerp tot 8,3 persent in Maart en 7,6 persent in April gedaal het.

Die hoër internasionale oliepryse en die daaruit voortspruitende hoër binnelandse brandstofpryse was ook in 'n belangrike mate direk en indirek verantwoordelik vir die versnelling in die koers van toename van *kwartaal tot kwartaal* in die pryse van binnelands geproduseerde goedere vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 9,5 persent in die eerste kwartaal van 1990 tot 19,0 persent in die vierde kwartaal. Hierdie koers het daarna weer tot 14,3 persent in die eerste kwartaal van 1991 teruggesak.


Die koers van toename in die pryse van binnelands geproduseerde goedere, gemeet oor *periodes van twaalf maande*, het van 'n onderste draaipunt van 11,3 persent in Maart 1990 tot 15,1 persent in November versnel. Nieteenstaande die brandstofprysverlagings het die sekondêre uitwerking van die aanvanklike olieprysstygings en die

invloed daarvan op inflasionistiese verwagtings veroorsaak dat hierdie koers van toename rondom hierdie hoër vlak geskommel het, en dit het 15,2 persent in April 1991 bedra.


In 'n verloop soortgelyk aan die toename in die pryse van binnelands geproduseerde goedere, het die koers van toename van *kwartaal tot kwartaal* in die totale produksieprysindeks, na seisoensaansuiwering en verhef tot 'n jaarkoers, van 'n laagtepunt van 9,6 persent in die eerste kwartaal van 1990 tot 25,4 persent in die vierde kwartaal toegeneem, en daarna tot 13,0 persent in die eerste kwartaal van 1991 teruggesak. Die koers van toename in die totale produksieprysindeks oor *periodes van twaalf maande* het ook versnel naamlik van 10,3 persent in Julie 1990 tot 15,8 persent in November, en daarna afwaarts geskommel tot 13,8 persent in April 1991.

Nieteenstaande die heroplewing in die inflasie van pryse van binnelands geproduseerde en ingevoerde goedere in die tweede helfte van 1990,

Produksiepryse



Verbruikersprysindeks



'n Verdere verlaging in die pryse van petrol en olie ná die Begroting in Maart sowel as laer huiseienaarskoste vanweë die laer verbandkoerse, was egter nie in staat om 'n versnelling in die koers van toename oor twaalf maande in verbruikerspryse tot 14,6 persent in April te voorkom nie. Hierdie hoër koers in April was hoofsaaklik die gevolg van aansienlike stygings in die pryse van voedsel, skoeisel en gesondheids- en sekere ander dienste.

het die koers van toename van jaar tot jaar van die totale produksieprysindeks taamlik betekenisvol van 15,2 persent in 1989 tot 12,3 persent in 1990 verlangsaam — die laagste gemiddelde jaarlikse koers van toename sedert die 8,4 persent wat in 1984 aangeteken is.

In teenstelling met hierdie bemoedigende verbetering in produksieprysinflasie, het die koers van toename in die maandelikse gemiddelde verbruikersprysindeks slegs marginaal van 14,7 persent in 1989 tot 14,4 persent in 1990 verlangsaam.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die verbruikersprysindeks het van 'n seisoens-aangesuiwerde jaarkoers van 13,5 persent in sowel die tweede as die derde kwartaal van 1990 tot 16,8 persent in die vierde kwartaal versnel, maar weer tot 14,1 persent in die eerste kwartaal van 1991 verlangsaam. Hierdie laer koers van toename is teweeggebring deur skerp verminderde toenames in die pryse van sommige verbruiksgoedere en meer matige stygings in die pryse van verbruikersdienste. Die toename in die pryse van voedsel het in die eerste kwartaal van 1991 weer versnel en hoër koerse van toename is ook aangeteken in die pryse van sommige ander goedere en dienste soos alkoholiese drank en tabak, nuwe voertuie, meubels, gesondheidsorg en vervoerdienste.

Die koers van toename in verbruikerspryse gemeet oor periodes van twaalf maande het per saldo van 'n onlangse laagtepunt van 13,3 persent in Julie 1990 tot 15,3 persent in November versnel. Daarná het dit tot 14,1 persent in Maart 1991 afgeneem hoofsaaklik as gevolg van verlaging in die pryse van vloeibare brandstowwe wat in November en Desember 1990 aangekondig is.


Betalingsbalans en wisselkoerse

Lopende rekening

Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het van sy baie hoë seisoens-aangesuiwerde jaarkoers van R9,7 miljard in die vierde kwartaal van 1990 dramaties tot R1,5 miljard in die eerste kwartaal van 1991 gedaal. Hierdie klein oorskot op die lopende rekening was uitsonderlik aangesien dit op 'n stadium voorgekom het toe die binnelandse ekonomiese bedrywigheid reeds vir agt kwartale in die afwaartse fase van die konjunktursiklus verkeer het, terwyl die vlak van die oorskot vergelykbaar was met dié wat rondom die hoogtepunt van die konjunktuur aan die begin van 1989 aangeteken is. Boonop was die verswakking in die lopende rekening die gesamentlike resultaat van 'n aansienlike toename in die waarde van die goedere-invoer en 'n afname in die waarde van die goedere-uitvoer en die netto gouduitvoer — verwikkelings wat nie met die normale konjunkturpatroon ooreenstem nie.

Die groot oorskot van die vierde kwartaal van 1990 en die klein oorskot van die eerste kwartaal van 1991 is egter in 'n groot mate beïnvloed deur buitengewone omstandighede wat in 'n groot mate met die krisis in die Persiese Golf verband gehou het. Die tweede grootste oorskot ooit van die vierde kwartaal was grotendeels die gevolg van 'n intering op voorrade om die invoer van mineraalprodukte op 'n lae vlak te hou. In die eerste kwartaal van 1991 het die invoer van mineraalprodukte egter weer aansienlik toegeneem. Terselfdertyd is die skerp toename in die waarde van die invoer ook aangehelp deur die aankoop van 'n nuwe wyerompvliegtuig deur die Suid-Afrikaanse Lugdiens, terwyl die uitvoer nadelig deur die swak landboustoestande getref is. Vanuit 'n ontledingsoogpunt wil dit dus

Betalingsbalans



voorkom asof dit meer sinvol is om die grootte van die oorskot te beoordeel deur die gemiddelde kwartaallike syfer van R5,6 miljard vir die tydperk Oktober 1990 tot Maart 1991 met die oorskot van R4,2 miljard in die derde kwartaal van 1990 te vergelyk.

Die hoër invoer van mineraalprodukte en vervoertoerusting (die nuwe Boeing) gedurende die

Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoens-aangesuiwerde jaarkoerse

R miljard


	1990				1991
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw
Goedere-uitvoer.....	41,7	39,5	42,8	45,5	41,8
Netto gouduitvoer	17,8	18,5	18,0	18,0	17,3
Goedere-invoer.....	-43,6	-44,1	-46,5	-42,2	-47,5
Netto dienste- en oordragbetalings	-10,3	-10,3	-10,1	-11,6	-10,1
Saldo op lopende rekening	5,6	3,6	4,2	9,7	1,5

eerste kwartaal van 1991 was hoofsaaklik vir 'n toename van ongeveer 10 persent in die invoerhoeveelhede verantwoordelik. Invoerpryse het in dieselfde kwartaal met ongeveer 2½ persent gestyg vanweë 'n daling van 1 persent in die gemiddelde effektiewe wisselkoers van die rand en 'n matige toename in die inflasiekoerse van Suid-Afrika se belangrikste handelsvennootlande. Die waarde van die goedere-invoer, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het derhalwe van R42,2 miljard in die vierde kwartaal van 1990 tot R47,5 miljard in die eerste kwartaal van 1991, of met 12½ persent, gestyg.

Hoeveelheids- sowel as prysdalings het tot 'n afname van 8 persent in die waarde van die goedere-uitvoer van die vierde kwartaal van 1990 tot die eerste kwartaal van 1991 bygedra. Uitvoerhoeveelhede het met ongeveer 4½ persent gedaal hoofsaaklik vanweë die afname in die uitvoer van mineraalprodukte, die verminderde landbou-uitvoer in antisipasie van die verwagte swak mielie-oes en die laer uitvoer van edelstene en -metale wat met die algemene daling in ekonomiese bedrywigheid in die meeste nywerheidslande verband gehou het. Uitvoerpryse is nadelig beïnvloed deur 'n verdere daling in internasionale pryse van grondstowwe.

Gedurende die eerste kwartaal van 1991 het die waarde van die netto gouduitvoer met 3½ persent tot 'n seisoensaangesuiwerde jaarsyfer van R17,3 miljard gedaal. Alhoewel die gemiddelde VSA-dollarprys van goud van \$380 per fyn ons in die vierde kwartaal van 1990 tot \$370 in die eerste kwartaal van 1991 gedaal het, het die randprys as 'n weerspieëling van die depresiasie van die rand teenoor die VSA-dollar slegs marginaal van R962 tot

Dienste-rekening



R957 per fyn ons geval. Die grootste deel van die daling in die waarde van die netto gouduitvoer in die eerste kwartaal kon derhalwe aan 'n daling in die fisiese omvang van die netto gouduitvoer toegeskryf word. In April-Mei 1991 het die gemiddelde dollarprys van goud verder tot \$358 per fyn ons teruggesak, maar die randprys het tot R990 verstewig.

In teenstelling met hierdie ontwikkelings op die

Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)

R miljoene

	1990				1991
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw
Langtermynkapitaal					
Openbare owerhede	-206	-673	47	-328	-167
Openbare korporasies.....	473	-35	279	173	188
Private sektor	-1 204	-482	495	-484	-604
Totale langtermynkapitaal	-937	-1 190	821	-639	-583
Korttermynkapitaal, insluitende onaangetekende transaksies, maar uitsluitende laste verwant aan reserwes	531	-1 000	694	-1 154	1 362
Totale kapitaalbewegings, uitsluitende laste verwant aan reserwes	-406	-2 190	1 515	-1 793	779


lopende rekening van die betalingsbalans, het *netto dienste- en oordragbetalings* aan nie-inwoners gedurende die eerste kwartaal van 1991 verbeter. Hierdie daling het egter plaasgevind vanaf die buitengewoon hoë vlak van R11,6 miljard (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) wat hierdie betalings in die vierde kwartaal van 1990 aangeteken het, tot R10,1 miljard in die eerste kwartaal van 1991 — dit wil sê tot 'n vlak wat met die gemiddelde van R10,2 miljard in die eerste drie kwartale van 1990 vergelykbaar is. Hierdie skommelings in die *netto dienste- en oordragbetalings* oor die afgelope twee kwartale was ook in 'n groot mate die gevolg van veranderinge in internasionale oliepryse. Die hoër gemiddelde olieprys gedurende die vierde kwartaal van 1990 het tot aansienlik hoër toeriste- en vervoerbetalings aan nie-inwoners gelei en dit is deur 'n daling in hierdie tipe dienstebetalings gevolg toe oliepryse weer afgeneem het tot vlakke wat voor die krisis in die Persiese Golf gegeld het. Die kleiner tekort op die diensterekening gedurende die eerste kwartaal het ook laer rentebetalings op buitelandse skuld weerspieël wat verband gehou het met die afnemende uitstaande buitelandse skuld en die algemene laer internasionale rentekoerse, sowel as laer dividendbetalings op buitelandse belegging vanweë die laer vlak van die binnelandse ekonomiese bedrywigheid en maatskappywinste.

Kapitaalbewegings

Die *netto uitvloeiing* van kapitaal nie verwant aan reserwes nie van R1,8 miljard in die vierde kwartaal van 1990 het in die eerste kwartaal van 1991 omgeswaai na 'n *netto invloeiing* van R0,8 miljard. Hierdie invloeiing van kapitaal is aangeteken ten spyte van terugbetalings van ongeveer \$200 miljoen op buitelandse skuld in terme van die Derde Tussentydse Skuldreëlings met buitelandse krediteurbanke asook die aflossing van toonder-effekte wat verval het. Hierdie terugbetalings was grotendeels verantwoordelik vir 'n verdere *netto uitvloeiing* van langtermynkapitaal ten bedrae van sowat R0,6 miljard in die eerste kwartaal van 1991.

In die besonder het die *openbare owerhede en ondernemings in die private sektor* betreklik groot terugbetalings op buitelandse langtermynlenings gemaak. Die uitvloeiing van langtermynfondse wat vir die private sektor gerapporteer is, sluit egter ook die *netto verkope* van effekte deur nie-inwoners in. Aangesien hierdie transaksies in finansiële rand gesluit moet word, lei hulle nie tot 'n daling in die land se besit aan buitelandse valuta nie. Die gerapporteerde uitvloeiing van langtermynkapitaal van die private sektor is derhalwe in 'n sekere mate geneutraliseer deur invloeiings wat aangeteken is teenoor ander poste in die kapitaalrekening wat deur hierdie finansiële-randtransaksies beïnvloed word.

Netto kapitaalbewegings



Openbare korporasies het in die eerste kwartaal van 1991 hul posisie as *netto leners* van langtermynfondse op die buitelandse kapitaalmarkte voortgesit. Hierdie instellings het vanaf die vierde kwartaal van 1988 weer *netto leners* van buitelandse langtermynkapitaal geword en sedertdien bykans ononderbroke kwartaallike *netto invloeiings* van langtermynkapitaal aangeteken. Hierbenewens het die invloeiing van langtermynkapitaal van die openbare korporasies aansienlik toegeneem van R436 miljoen in 1989 tot R890 miljoen in 1990. In die eerste kwartaal van 1991 was openbare korporasies weer *netto leners* van langtermynfondse ten bedrae van R188 miljoen, wat ietwat minder was as die kwartaallike gemiddelde van ongeveer R240 miljoen in 1990. Vanaf die vierde kwartaal van 1988 tot die eerste kwartaal van 1991 het die totale invloeiing van langtermynkapitaal na die openbare korporasies nie minder nie as R1 660 miljoen bedra.

Verreweg die grootste deel van die invloeiing van kapitaal in die eerste kwartaal van 1991 het uit *korttermynkapitaal*, met inbegrip van onaange-tekende transaksies maar met die uitsluiting van laste verwant aan reserwes, bestaan. Hierdie

invloeiing het sowat R1,4 miljard beloop vergeleke met 'n netto uitvloeiing van ongeveer R1,2 miljard in die vierde kwartaal van 1990. Hierdie groot invloeiing van korttermynkapitaal het hoofsaaklik voorgekom in die vorm van handelsfinansiering wat die verhoogde waarde van die goedere-invoer en die betreklik gunstige voorwaardes met betrekking tot buitelandse lenings vergeleke met die koste van binnelandse befondsing weerspieël het.

Buitelandse skuld

Suid-Afrika se *totale uitstaande buitelandse skuld* het gedurende 1990 verder gedaal tot VSA \$19,4 miljard aan die einde van die jaar vanaf \$20,6 miljard aan die einde van 1989. Gewaardeer teen die dollar se wisselkoerse teenoor ander geldeenhede op 31 Augustus 1985, het die totale uitstaande skuld van die land op 31 Desember 1990 op \$16,4 miljard te staan gekom, teenoor \$18,2 miljard aan die einde van 1989 en \$23,7 miljard aan die begin van die stilstandreëlins. As 'n persentasie van die uitvoer van goedere en dienste het Suid-Afrika se buitelandse skuld ook van 79 persent aan die einde van 1989 tot 70 persent aan die einde van 1990 verbeter. Laasgenoemde verhouding kan met die gemiddelde syfer van 255 persent vir alle ontwikkelende lande in die Westelike Halfrond vergelyk word.

Vanaf 31 Augustus 1985 tot 31 Desember 1990 het die totale *geaffekteerde skuld* (dit wil sê die totale skuld onder die sogenaamde stilstandnet) ook

aansienlik ingekrimp naamlik van \$13,6 miljard tot \$6,6 miljard. Gewaardeer teen die wisselkoerse van 31 Augustus 1985, het die geaffekteerde skuld oor hierdie tydperk met \$7,7 miljard tot 'n uitstaande bedrag van \$5,9 miljard aan die einde van 1990 afgeneem. Hierdie aansienlike vermindering in die geaffekteerde skuld was die gesamentlike resultaat van terugbetalings kragtens die drie tussentydse skuldreëlins wat met buitelandse krediteurbanke getref is, sowel as van skuld wat reeds "verval" het en wat in middel- en langtermynlenings buite die net omskep is en van skuld wat vir ekwiteitskapitaal verruil is. In die besonder is nie minder nie as \$4,7 miljard van die geaffekteerde skuld tot op 31 Desember 1990 in langtermynlenings buite die stilstandnet omgeskakel.

Hierdie omskakelings het ook tot 'n aansienlike verbetering in die *aflossingstruktuur* van Suid-Afrika se buitelandse skuld gelei en was grotendeels vir die toename in die *nie-geaffekteerde skuld* van die land van \$10,1 miljard aan die einde van Augustus 1985 tot \$12,8 miljard aan die einde van 1990 verantwoordelik. Gewaardeer teen die wisselkoerse wat op 31 Augustus 1985 gegeld het, het die nie-geaffekteerde skuld aan die einde van 1990 \$10,6 miljard beloop.


Buitelandse reserwes

Die invloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie tesame met die oorskot op die lopende rekening van R973 miljoen (onaangesuiwer en nie tot 'n jaarkoers verhef nie) het in die eerste kwartaal van 1991 'n toename van R1,8 miljard in die totale *netto goud- en ander buitelandse reserwes* tot gevolg gehad. Hierdie aansienlike verbetering is buitendien behaal ná die toename van R2,9 miljard in die totale netto buitelandse reserwes gedurende 1990 in sy geheel. Die verbeterde stand van die buitelandse reserwes het die Reserwebank in staat gestel om verdere terugbetalings op sy laste verwant aan reserwes te maak en aan die einde van Maart 1991 is bykans al die buitelandse korttermynlenings van die Reserwebank afgepos. Ten spyte van hierdie aflossings het die totale *bruto goud- en ander buitelandse reserwes* in die eerste kwartaal van 1991 nogtans met R1,4 miljard tot 'n vlak van R8,7 miljard aan die einde van Maart gestyg. In April en Mei het die goud- en ander buitelandse reserwes in besit van die Reserwebank per saldo weer met R99 miljoen tot R7,2 miljard aan die einde van Mei 1991 afgeneem.


Wisselkoerse

Met die vooruitsigte van 'n vinnige beëindiging van die vyandelikhede in die Midde-Ooste, het die VSA-dollar vanaf sy laagtepunt van DM1,4474 per dollar op 12 Februarie 1991 begin appresieer tot 'n koers van DM1,7095 per dollar op 31 Mei, of met 18,1

Bruto goud- en ander buitelandse reserwes



Wisselkoerse



Nadat die *finansiële rand* 'n nuwe hoogtepunt van R3,07 per VSA-dollar op 6 Februarie 1991 bereik het, het dit weer tot R3,28 per dollar op 31 Mei 1991 verswak. Die verswakking van die finansiële rand was egter ietwat kleiner as die depresiasie van die kommersiële rand teenoor die dollar. Gevolglik het die finansiële-randdiskonto van 17,8 persent op 6 Februarie 1991 tot 14,1 persent op 31 Mei vernou. Hierdie vernouing van die diskonto was in skerp teenstelling met die gebeure in 1990 toe die finansiële rand ook opmerklik verbeter het na die opening van die Parlement deur die Staatspresident maar daarna weer verswak het en uiteindelik diskonto's van meer as 30 persent getoon het.

persent. Oor dieselfde tydperk het die rand skerp teenoor die dollar gedeprimeer, naamlik van R2,52 per VSA-dollar tot R2,81. Met die uitsondering van die Japanse jen, het die rand egter gedurende hierdie periode teenoor al die ander belangrikste geldeenhede geappresieer.

Die effektiewe wisselkoers van die rand het gedurende die eerste twee maande van 1991 min of meer onveranderd gebly en daarna in die volgende drie maande matig gedaal. Aan die einde van Mei 1991 was dit derhalwe ongeveer 2,9 persent laer as sy vorige laagtepunt op 18 September 1989.

Veranderings in die wisselkoerse van die rand

%

	18 Sept 1989 tot 31 Mei 1991	12 Feb 1991 tot 31 Mei 1991
Geweegde gemiddelde....	-2,9	-3,2
VSA-dollar	0,5	-10,4
Britse pond	-9,0	3,4
Duitse mark	-12,4	5,8
Switserse frank	-13,4	5,5
Japanse jen	-5,3	-3,4
Franse frank	-11,8	5,3
Finansiële rand	23,3	-3,1

Finansiële markte

Geldvoorraad

Die koers van toename in die omvattende gedefinieerde *geldvoorraad*, M3, wat sedert die tweede helfte van 1988 aanmerklik verlangsaam het, het teen die einde van 1990 en aan die begin van 1991 rondom effens hoër vlakke geskommel. Die groeikoers van M3, gemeet oor periodes van twaalf maande, het van 'n konjunktorele hoogtepunt van 27,5 persent in Augustus 1988 tot slegs 10,2 persent in Oktober 1990 teruggesak. Hierdie stadiger groei in M3 was hoofsaaklik die gevolg van die konjunktorele verlangsaaming in ekonomiese bedrywigheid en die volgehoue hoër en betreklik stabiele geldmarkrentekoerse.

Die koers van toename oor twaalf maande in M3 het gedurende die laaste twee maande van 1990 matig gestyg, voordat dit in Januarie 1991 na 10,2 persent teruggekeer het. In Februarie 1991 het hierdie koers aanmerklik tot 15,8 persent toegeneem, gevolg deur 14,4 persent in Maart en 'n voorlopig geraamde 15,0 persent in April. Hierdie hoër koerse kan in 'n groot mate aan die nuwe regulasies onder

die Wet op Depositonemende Instellings, wat op 1 Februarie 1991 in werking getree het, toegeskryf word. Terugkooppooreenkomste (wat nie by M3 ingesluit is nie) is eers in afwagting op en daarna as gevolg van hierdie veranderinge, in gewone deposito's (wat by M3 ingesluit is) omgeskakel. Indien hierdie omskakelings in aanmerking geneem word, het die geraamde onderliggende koers van toename in M3 betreklik laag gebly. Die seisoens-aangesuiwerde jaarkoers van toename in M3 het vanaf sy nuwe hoogtepunt in Februarie 1991 tot April 'n betreklik lae 9,4 persent beloop.


Aangesien die finansiële stelsel besig is om aan te pas by hierdie nuwe regulasies, sowel as by die verdere regulerende veranderinge wat in April aangekondig is, kan die bewegings in die statistiese-gemete M3 gedurende die eerste helfte van 1991 duidelik nie as 'n aanduiding van veranderinge in die reële ekonomie beskou word nie. Dit word bevestig deur die aanmerklike afname in die inkome-omloopsnelheid van M3 met 2,9 persent van die vierde kwartaal van 1990 tot die eerste kwartaal van 1991.

Die feit dat M3 in Februarie 1991 bokant die boonste grens van die nuwe *geldvoorraadriglyne* van 8 tot 12 persent vir die 1991 "riglyn"-jaar beweeg het, kan ook hoofsaaklik aan die instelling van die nuwe regulasies toegeskryf word. Aan die einde van Februarie 1991 het die waarde van M3 die boonste grens van die riglynkegel met 4,8 persent oorskry; aan die einde van Maart 1991 het die omvang van hierdie oorskryding effens tot 3,5 persent gedaal en daarna het dit weer ietwat tot 'n voorlopig geraamde 4,3 persent in April toegeneem.

Die implementering van die Wet op Depositonemende Instellings het ook 'n belangrike uitwerking op die *enger monetêre totale* gehad. Onder hierdie ander totale het die groeikoers oor twaalf maande in M1 en M2 op 'n soortgelyke wyse aansienlik van 1,7 en 12,0 persent in Januarie tot 18,1 en 17,6 persent in Februarie versnel en vervolgens 9,5 en 16,8 persent in Maart bedra. Selfs die groeikoers van die meer transaksieverwante M1A-geldvoorraad het ook toegeneem, blykbaar omdat van die korttermyn-terugkooppooreenkomste na tjek- en transmissiedeposito's omgeskakel is. Gemeet oor twaalf maande, het die koers van toename in M1A gevolglik van 14,3 persent in Desember 1990 tot 19,5 persent in Januarie 1991 gestyg, maar toe tot 17,2 persent in Februarie en 13,6 persent in Maart gedaal.

Rekeningkundig beskou was die belangrikste *statistiese teenhanger* van die seisoens-aangesuiwerde toename van R9,0 miljard in M3 gedurende die eerste kwartaal van 1991, 'n toename van R9,0 miljard in die eise van die monetêre instellings teen die binnelandse private sektor. Dit was in 'n belangrike mate ook 'n weerspieëling van die nuwe regulasies wat meegebring het dat bates wat tevore

Monetêre totale




tydelik onder terugkoop-ooreenkomste aan ander partye verkoop is en nie by die monetêre sektor se bates ingesluit is nie, nou op hierdie instellings se balansstate moet verskyn. Die monetêre stelsel se netto goud- en ander buitelandse reserwes het gedurende die eerste kwartaal van 1991 met R1,0 miljard gestyg, maar die netto eise teen die regeringsektor het met R3,7 miljard gedaal.

Kredietverlening deur monetêre instellings


Die koers van toename oor twaalf maande in die monetêre instellings se eise teen die *binnelandse private sektor* het per saldo van 'n hoogtepunt van 30,2 persent in Oktober 1988 tot 12,9 persent in Januarie 1991 teruggesak. Hierdie koers het vervolgens weer tot 19,0 persent in Februarie en 19,2 persent in Maart versnel, vanweë die reïntermediasie van bates wat tevore as buitebalansstaatposte hanteer is en waarna hierbo verwys is. Eweneens het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die kwartaallike gemiddelde van die monetêre instellings se eise teen die binnelandse private sektor van slegs 6,7 persent in die vierde kwartaal van 1990 tot 24,0 persent in die eerste kwartaal van 1991 gestyg.

In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het

Reële totale eise teen die private sektor en huurkoop- en bruikhuurkrediet



Eise van monetêre instellings teen binnelandse private sektor



huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering in die eerste kwartaal van 1991 per saldo met slegs R113 miljoen per maand (of minder as 0,4 persent) gestyg, terwyl hierdie soort krediet gedurende 1990 met R339 miljoen per maand toegeneem het. Aangesien hierdie tipe krediet goed met die besteding aan duursame verbruiksgoedere en kapitaalgoedere korreleer, bevestig hulle verloop die feit dat die reële verbruik in die ekonomie, ten spyte van die skynbaar vinnige koers van uitbreiding in die totale kredietverlening, steeds onder afwaartse druk verkeer het. In reële terme het huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering egter tot in die derde kwartaal van 1990 nog teen betreklik hoë koerse toegeneem. Werklike afnames in die volume van hierdie tipe krediet is vervolgens in die daaropvolgende maande aangeteken.

Monetêre instellings se verbandvoorskotte het in die eerste kwartaal van 1991 voortgegaan om skerp toenames te toon. Dit is ondersteun deur faktore soos die verhoging met ingang 1 Januarie 1991 van die bedrag van die behuisingslenings waarop staatsamptenare vir rente-subsidies kwalifiseer (van R50 000 tot R70 000), die aktiewe bevordering van sulke lenings deur sekere instellings en stadiger terugbetalings van kapitaal. Monetêre instellings se besit aan verbandlenings het in die eerste kwartaal van 1991 met R2,1 miljard toegeneem, dit wil sê met

min of meer dieselfde bedrag as die gemiddelde kwartaallike toename in 1990.

Die geldmarktoestand en Reserwebankoptrede in die geldmark


Aanmerklik ruimer toestande het gedurende die eerste vyf maande van 1991 in die geldmark voorgekom. Die gemiddelde daaglikse vlak van *akkommodasie* by die Reserwebank se diskontovenster het van 'n hoogtepunt van R4,8 miljard in Januarie 1990 tot R2,3 miljard in sowel Desember 1990 as Januarie 1991 afgeneem. Dit het daarna verder tot R1,4 miljard in April gedaal, waarna dit effens tot R2,0 miljard in Mei toegeneem het. Die bedrag aan *akkommodasie* oor maandeindes het 'n soortgelyke dalende neiging getoon en gedurende April het die *akkommodasie* by die diskontovenster soms skerp gedaal.

Hierdie verruiming van die geldmark kan hoofsaaklik aan die aansienlike toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank (waarna hierbo verwys is) en aan 'n afname in die Tesourie se deposito's by die Bank toegeskryf word. Die maandelikse gemiddelde van die daaglikse saldo's op die Skatkis-, Betaalmeester-generaal- en Stabilisasierekening by die Reserwebank het van R8,2 miljard in Desember 1990 tot R7,0 miljard in Maart 1991 afgeneem. Daarna het dit in April verder tot R5,7 miljard gedaal, maar in Mei tot R7,5 miljard gestyg. Die gedeelte van hierdie deposito's wat deur middel van die Stabilisasierekening gesteriliseer is, is van R2,1 miljard in Januarie 1991 tot R3,7 miljard op 14 Maart verhoog en dit is tot aan die einde van Mei op hierdie vlak gehou.

In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die gemiddelde daaglikse bedrag van *note in omloop* gedurende die eerste vyf maande van 1991 betreklik stabiel gebly en is daar geen noemenswaardige invloed uit hierdie bron op die geldmark uitgeoefen nie. Aan die ander kant het tekorte op die Reserwebank se valutatermyndeckings weer tot die likwiditeit in die geldmark bygedra. Die vermindering van die *kontantreserwes* wat banke by die Reserwebank moet hou, het ook tot die verruiming van die geldmark bygedra. Hierdie vermindering wat meegebring is deur die verlaging van 5 tot 4 persent in die *kontantreserwevereiste* wat banke teen hul korttermynverplichings moet hou, en die afskaffing van die 2 persent *kontantreserwevereiste* teen hul middeltermynverplichings, word vanaf 21 Maart 1991 oor 'n tydperk van vier maande ingefaseer.

Die Reserwebank het die verruimende uitwerking van hierdie ontwikkeling op die geldmark gedeeltelik deur middel van *valuta-ruiltransaksies* teengewerk. Die maandelikse hoogtepunt in die volume van hierdie transaksies was R0,9 miljard in Januarie en Februarie, R1,9 miljard in Maart en R1,4 miljard in sowel April as Mei. Die Reserwebank het ook spesiale *Skatkiswissels met 'n baie kort looptyd* uitgereik waarvan die bedrae 'n hoogtepunt van R1,5 miljard in April en R1,0 miljard in Mei bedra het. Aan die einde van Mei was 'n bedrag van R1,0 miljard van hierdie wissels nog uitstaande. Op 15 Mei 1991 het die Reserwebank ook omgekeerde terugkoop-ooreenkomste ten bedrae van R0,5 miljard, wat op 23 Mei 1991 verval het, met 'n bank aangegaan.

Akkommodasie by die diskontovenster



Regeringsdeposito's (Skatkis-, Betaalmeester-Generaal- en Stabilisasierekening) by die Reserwebank



Die Reserwebank se netto verkope van staatseffekte het van R1,2 miljard in die vierde kwartaal van 1990 tot R0,6 miljard in die eerste kwartaal van 1991 afgeneem, maar daarna weer tot R1,2 miljard in April en R1,4 miljard in Mei 1991 gestyg. Die Bank se bruto transaksies in staatseffekte in die eerste vyf maande van 1991 het soveel as R13,3 miljard bedra, teenoor slegs R5,2 miljard in die ooreenstemmende tydperk van 1990 — 'n aanduiding van die Reserwebank se pogings om die bemarkbaarheid van staatseffekte te verhoog.

Ander optrede deur die Reserwebank het bedrywighede in die opsiemark in staatseffekte behels. Die gemiddelde maandelikse bedrag van transaksies in verhandelde opsiekontrakte is verhoog van R0,3 miljard in die eerste helfte van 1990 tot R1,2 miljard in die vierde kwartaal en tot R1,2 miljard in die eerste vyf maande van 1991. Die bedrag aan Skatkiswissels wat op die weeklikse tender aangebied is, is vanaf 5 April 1991 van R100 miljoen per week tot R130 miljoen per week en vanaf 30 Mei tot R150 miljoen per week verhoog.

Geldmarkrentekoerse

Die geldmarkrentekoerse het in die eerste twee maande van 1991 aangehou daal op grond van verwagtings aangaande 'n Bankkoersverlaging. Die markkoers op *likwiede bankaksepte van drie maande* het van 17,70 persent aan die einde van Desember 1990 tot 17,25 persent op 23 Februarie 1991 gedaal. Hierdie afname tot 1,05 persentasie-

punte onder die Reserwebank se herverdiskonteringskoers vir sodanige aksepte was 'n duidelike aanduiding van die mark se verwagtings van 'n verlaging van ten minste 1 persentasiepunt in die Bankkoers.

Die koers op *likwiede bankaksepte* van drie maande het op 28 Februarie weer tot 17,40 persent gestyg, maar het ná die Bankkoersverlaging van 18 persent tot 17 persent met ingang 11 Maart 1991 hulle daling hervat. Op 18 April het die koers op 17,10 persent te staan gekom, wat 0,40 persentasiepunte laer was as die Reserwebank se herverdiskonteringskoers vir *likwiede bankaksepte*. Op 17 April en weer op 24 April het die Registrateur van Depositonemende Instellings omsendbriewe oor ongewenste befondsingspraktyke aan alle depositonemende instellings gestuur. In die mark het hierdie omsendbriewe onsekerheid geskep oor hulle volle implikasies en dit het aanvanklik daartoe gelei dat koerse op *likwiede bankaksepte* tussen grense van 17,05 persent en 17,50 persent gekwoteer is. Nadat hierdie aangeleentheid uitgeklaar is, het die bankaksepkoers verder tot 16,80 persent op 30 Mei gedaal, wat 0,70 persentasiepunte laer was as die Reserwebank se herverdiskonteringskoers vir *likwiede bankaksepte*.

In reaksie op die Bankkoersverlaging het die *interbankkoers* van 19,25 persent aan die einde van Februarie tot 17,75 persent aan die einde van Maart gedaal. Die koers het aangehou daal tot 17,00 persent aan die einde van April, wat duidelik 'n weerspieëling was van die aansienlik ruimer toestand wat in die geldmark voorgekom het. In Mei het die koers weer ietwat tot 17,25 persent gestyg.


Korttermynrentekoerse




Kapitaalmarktgebeure

Die handelsbedrywighede op die *sekondêre kapitaalmarkte*, wat in die eerste kwartaal van 1990 rekordhoogtes bereik het, maar daarna in die res van die jaar aansienlik teruggesak het, het in die eerste kwartaal van 1991 weer aanmerklik herstel. Nadat dit van 'n buitengewoon hoë vlak van R77,3 miljard in die eerste kwartaal van 1990 tot R53,7 miljard in die vierde kwartaal teruggesak het, het die waarde van *effekte van die openbare sektor* wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel word, in die eerste kwartaal van 1991 tot R67,9 miljard toegeneem. Insgelyks het die waarde van *aandele* op die effektebeurs verhandel tot R4,9 miljard in die eerste kwartaal van 1991 verstewig, nadat dit van 'n rekordvlak van R8,6 miljard in die eerste kwartaal van 1990 meer as gehalveer is tot R3,5 miljard in die vierde kwartaal. Op 'n maandelikse grondslag het die waarde van *aandele* verhandel dwarsdeur die eerste vier maande van 1991 aangehou styg, maar die waarde van *effekte* van die openbare sektor verhandel het 'n besliste afwaartse neiging vanaf 'n hoogtepunt van R24,6

Effektebeurstransaksies



Aandelepryse



miljard in Januarie tot R17,5 miljard in April getoon.

Die dalende neiging in die waarde van transaksies deur nie-inwoners op die effektebeurs is ook in die eerste vier maande van 1991 omgekeer. Die netto gemiddelde maandelikse aankope van rentedraende effekte deur nie-inwoners het van R51 miljoen in die vierde kwartaal tot R130 miljoen gedurende Januarie tot April 1991 toegeneem. Oor dieselfde tydperk het nie-inwoners se netto verkope van aandele van R188 miljoen tot R303 miljoen gestyg.

Met die uitsondering van die derde kwartaal van 1990, toe hulle netto aankopers van Suid-Afrikaanse effekte (effekte van die openbare sektor en aandele) op die Johannesburgse Effektebeurs was, was nie-inwoners per saldo vanaf die begin van 1990 tot en met die eerste vier maande van 1991 netto verkopers van hierdie effekte. In teenstelling met die eerste twee maande van 1990, was die reaksie van nie-inwoners op die opmerklieke verstewiging van die finansiële rand gedurende die eerste twee maande van 1991 redelik beperk.


Die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele, wat vanaf die historiese hoogtepunt in Februarie 1990 tot in Januarie 1991 met 18 persent teruggesak het, het daarná tot in Maart 1991 met 10 persent gestyg. Aandelepryse het dwarsdeur April en Mei 1991 aanhou styg. Oor die algemeen het die vlak van aandelepryse in al die hoofkategorieë, met die uitsondering van goudmynaandele, verstewig. Nywerheids- en handelsaandele in die

besonder het in die eerste kwartaal van 1991 met 15 persent verstewig. Die gemiddelde maandelikse prysvlak van goudmynaandele het in 1990 egter met soveel as 46 persent en in die eerste drie maande van 1991 met 'n verdere 12 persent gedaal vanweë die mark se besorgdheid oor die huidige en verwagte toekomstige winsgewendheid van die goudmyne.

Die totale maandelikse waarde van transaksies in termynkontrakte, wat in die laaste helfte van 1990 skerp gedaal het, het vroeg in 1991 effens verbeter. In reaksie op die onsekerhede meegebring deur die krisistoestand in die Persiese Golf-gebied, het die waarde van hierdie transaksies 'n rekordvlak van R3,1 miljard in Augustus 1990 bereik alvorens dit skerp tot R0,9 miljard in Desember gedaal het. In die eerste paar maande van 1991 het die waarde van transaksies in termynkontrakte weer aansienlik begin styg en in Mei het dit R1,9 miljard bedra.

In die primêre kapitaalmarkte het die bedrag aan fondse wat deur leners in die openbare sektor opgeneem is, skerp van R5,2 miljard in die tweede kwartaal van 1990 tot R1,4 miljard in die vierde kwartaal afgeneem, en daarná effens verder tot R1,3 miljard in die eerste kwartaal van 1991 gedaal. Die bedrag aan fondse wat deur maatskappye in die private sektor deur middel van nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende effekte opgeneem is, het van R316 miljoen in die vierde kwartaal van 1990 tot R106 miljoen in die eerste kwartaal van 1991 afgeneem. Die waarde van nuwe uitgifte van gewone aandele

Transaksies in vaste eiendom



deur genoteerde maatskappye in die private sektor het ook gedurende die ooreenstemmende twee kwartale gedaal, naamlik van R1,7 miljard tot R0,3 miljard.

In die verbandmark het die bedrag aan verbandlenings wat deur bouverenigings uitbetaal is effens van R2,2 miljard in sowel die derde as die vierde kwartaal van 1990 tot R2,3 miljard in die eerste kwartaal van 1991 toegeneem. Die toename in die banke en bouverenigings se besit aan verbandlenings het van R1,9 miljard in die vierde kwartaal van 1990 tot R2,0 miljard in die eerste kwartaal van 1991 gestyg.

Daarenteen het die waarde van transaksies in vaste eiendom indrukwekkend toegeneem van R5,8 miljard in die derde kwartaal van 1990 tot R6,9 miljard in die vierde kwartaal en tot R7,3 miljard in die eerste kwartaal van 1991.

Opbrengs- en rentekoerse op die kapitaalmark

As 'n weerspieëling van die algemene dalende neiging in die opbrengs- en uitleenkoerse op die kapitaalmark, het die gemiddelde maandelikse opbrengskoers op langtermynstaatseffekte gedaal van 16,7 persent in Junie 1990 tot 16,0 persent in Desember en ietwat verder tot 15,6 persent in Februarie en Maart 1991. Daarná het dit in April effens verstewig tot 15,8 persent. Hierdie dalende neiging en die styging in die gemete inflasiekoers, het 'n daling in die reële opbrengskoers op langtermynstaatseffekte van sy mees onlangse hoogtepunt van 2,7 persent in Julie 1990 tot 1,1 persent in April 1991 tot gevolg gehad.


In teenstelling met hierdie ontwikkelings is die bouverenigings se oorheersende koers op huisverbandlenings, wat in Oktober 1989 van sy vorige vlak van 19,75 persent tot 20,75 persent verhoog is, tot in Februarie 1991 op hierdie vlak

gehandhaaf. Dit was die langste tydperk waarin geen verandering in hierdie koers aangebring is nie sedert die tydperk van Oktober 1975 tot Maart 1979. Ná die Reserwebank se matige verlaging van sy akkommodasiekoerse, het die bouverenigings hul huisverbandkoers in Maart 1991 tot 19,75 persent verlaag.

Die maandelikse gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse genoteerde aandele het ietwat van 6,3 persent in November 1990 tot 6,1 persent in Januarie 1991 gedaal. Daarna het dit weer effens tot 6,2 persent in Februarie gestyg voordat dit weer tot 5,9 persent in Maart gedaal het. Die betreklike skerp daling in Maart was 'n weerspieëling van die verbetering in die gemiddelde vlak van aandelepryse op die Johannesburgse Effektebeurs.

Die maandelikse gemiddelde verdiensteopbrengskoers op alle klasse genoteerde aandele (uitgesonderd goudmynaandele) het van 15,4

Kapitaalmarkrente- en opbrengskoerse



persent in Oktober 1990 tot 14,0 persent in Desember teruggesak, effens tot 14,3 persent in Februarie 1991 herstel maar daarna weer skerp tot 13,3 persent in Maart gedaal.

In teenstelling met die algemene dalende neiging in uitleenkoerse, het langtermyn *depositokoerse* (met die uitsondering van dié op belastingvrye beleggings) gedurende die eerste drie maande van 1991 onveranderd gebly. Die koers op deposito's van twaalf maande deur banke en bouverenigings aangebied is byvoorbeeld vanaf Oktober 1990 onveranderd op 16,5 persent gehou en is eers in April 1991 tot 16,0 persent verlaag. Die koerse op belastingvrye beleggings by die bouverenigings, die Posspaarbank en die Tesourie, wat in Maart 1990 van hulle vorige vlak van 10,0 persent tot 11,5 persent verhoog is, is in Maart 1991 verder tot 12,0 persent aangepas. Albei hierdie verhogings het voortgespruit uit die geleidelike uitfasering van die belastingtoegewings wat op hierdie deposito's van toepassing is.

Staatsfinansies

Skatkisrekening in die finale kwartaal van die fiskale jaar 1990/91


'n Opmerklke versnelling in Skatkisuitreikings is gedurende die Maart- of die finale kwartaal van die fiskale jaar 1990/91 aangeteken. Die toename van jaar tot jaar in die Skatkisuitreikings (ná die gebruikelike aansuiwering vir veranderinge in die saldo op die Betaalmeester-generaalrekening) het van slegs 3,4 persent in die Desember-kwartaal van die fiskale jaar 1990/91 tot so veel as 20,1 persent in die Maart-kwartaal gestyg. In die finale kwartaal van die fiskale jaar 1989/90 het hierdie uitreikings met 1,0 persent gedaal, maar in die Maart-kwartaal van die fiskale jaar 1988/89 het hulle met soveel as 31,5 persent gestyg.

In teenstelling met hierdie baie hoër toename in die Skatkisuitreikings, het *ontvangstes* op die Skatkisrekening (uitsluitende die opbrengste van die privatisering van ondernemings in die openbare

Skatkisrekening



Skatkisontvangste en -uitreikings



sektor) in werklikheid in die Maart-kwartaal van die fiskale jaar 1990/91 gedaal. Nadat die toenamekoers van jaar tot jaar in Skatkisontvangstes skerp gedaal het van 19,1 persent in die Junie-kwartaal van die fiskale jaar 1990/91 tot 4,6 persent in die Desember-kwartaal, het dit tot 'n negatiewe syfer van 2,5

persent in die Maart-kwartaal teruggesak. Hierdie beslisse dalende neiging in die groei van staatsinkomste was in 'n groot mate die gevolg van kleiner stygings in maatskappybelasting, ten spyte van 'n verhoging in die effektiewe maatskappybelastingkoers, en het waarskynlik hoofsaaklik verband gehou met 'n laer groei in maatskappywinste. Daarbenewens het ontvangste uit doeane en aksyns gedurende die fiskale jaar 1990/91 in werklikheid gedaal vanweë 'n vermindering vanaf 15 Maart 1990 in die bobelasting op sekere invoergoedere.

Die Skatkistekort voor lenings het in die Maart-kwartaal van die fiskale jaar 1990/91 R2 170 miljoen bedra, of nagenoeg 3,2 persent van die bruto binnelandse produk. Hierdie tekort plus die oordragte na die Stabilisasie rekening (R3 792 miljoen in totaal) is gefinansier deur middel van nuwe uitgaves van staatseffekte (R3 168 miljoen) en skatkiswissels (R1 350 miljoen). Dit het die Skatkis toegelaat om nie-bemerkbare obligasies (R21 miljoen) en buitelandse lenings (R78 miljoen) af te los en om ook sy beskikbare kontantsaldo's (R627 miljoen) te verhoog.

Uitslag van die Begroting vir die fiskale jaar 1990/91

Die uitstaande kenmerke van die werklike uitslag van die sentrale regering se Begroting vir die fiskale jaar 1990/91 sluit eerstens in 'n hoë mate van dissipline deur die owerhede oor hulle besteding in weerwil van sterk bestedingsdruk. Tweedens was die staatsinkomste vir die fiskale jaar weer eens onderskat maar in 'n aansienlik kleiner mate as in die vorige fiskale jaar. Laastens het hierdie ontwikkelings in inkomste en besteding tot gevolg gehad dat die tekort voor lenings in die fiskale jaar 1990/91 baie naby aan die oorspronklike Begrotingsramings was.

Die werklike Skatkisuitreikings aan staatsdeparte-

Staatinkomstefonds-invorderings, 1990/91


	Begroting ¹		Werklike invorderings	
	R miljoene	Persentasieverandering ²	R miljoene	Persentasieverandering ²
Totale invorderings vanaf goudmyne	1 264	-6,1	826	-38,6
Ander inkomstebelasting-invorderings	34 761	10,6	36 455	16,0
Algemene verkoopbelasting	18 532	12,5	17 977	8,6
Doeane- en aksynsregte ³	7 871	-10,2	8 587	-2,5
Ander ontvangste	2 510	-14,0	3 284	-12,5
Totale invorderings.....	64 938	5,8	67 129	8,6

¹ Tweede en finale druk.

² In vergelyking met die werklike invorderings gedurende die fiskale jaar 1989/90.

³ Uitgesonderd bedrae wat na aangrensende lande oorgedra moet word, maar inluitende die bo-belasting op die invoer en die brandstofheffing.

Samestelling van staatsinkomste



mente (op 'n basis vergelykbaar met Begroting-syfers) het in die fiskale jaar 1990/91 met 13,1 persent tot R74,4 miljard toegeneem. Dit kan vergelyk word met die Begrotingramings van toenames van 11,9 persent in hierdie uitreikings nadat die bedrag van R1,0 miljard, wat vir onvoorsiene uitgawes voorsien is, in berekening gebring is. Hierdie reserwe, aangevul met 'n verdere R1 miljard, is uiteindelik hoofsaaklik aangewend om die beskermingdienste uit te brei. Ander bykomende besteding is hoofsaaklik aangegaan om die agterstande van 'n kapitale aard in die onderwys te verminder, vir grondaan-kope vir verstedeliking en staatskuld-koste.

Ten spyte van hierdie bykomende uitgawes, het die staatsbesteding in reële of in inflasie-aangepaste terme in die fiskale jaar 1990/91 met ongeveer 1,0 persent gedaal. Die omvang van oorbesteding deur die Sentrale Regering was slegs 2,0 persent van die oorspronklike Begrotingsramings, in vergelyking met die lae syfer van 1,2 persent in die fiskale jaar 1989/90 en 'n gemiddelde oorbestedingsverhouding van 5,1 persent in die tien fiskale jare van 1980/81 tot 1989/90. Die verhouding van staatsbesteding tot die bruto binnelandse produk het nietemin ietwat gestyg van 27,4 persent in die fiskale jaar 1989/90 tot 27,5 persent in die fiskale jaar 1990/91.

Die totale staatsinkomste (ook op 'n vergelykbare basis met die Begrotingsramings) het in die fiskale jaar 1990/91 die Begrotingsramings met R2,2 miljard, of met 3,4 persent, oorskry; in die fiskale jaar 1989/90 was die werklike staatsinkomste 12,2 persent hoër as die Begrotingsyfer. Die koers van toename van jaar tot jaar in die staatsinkomste het in die fiskale jaar 1990/91 8,6 persent beloop, teenoor die 5,8 persent wat in die Begroting voorsien is. As gevolg van hierdie betreklike klein styging in die nominale staatsinkomste, het die verhouding van staatsinkomste tot die bruto binnelandse produk van 25,7 persent in die fiskale jaar 1989/90 tot 24,8 persent in die fiskale jaar 1990/91 gedaal. In reële terme het die staatsinkomste met 4,9 persent afgeneem.

Soos in die bygaande tabel getoon word, is laer toenames as waarvoor begroot is in inkomste aangeteken ten opsigte van goudmynbelasting en van algemene verkoopbelasting. Hierdie laer invorderings kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n laer goudprys en 'n laer vlak van ekonomiese bedrywigheid as wat voorsien is. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het inkomstebelastinginvorderings vanaf individue en nie-goudmynmaatskappye die Begrotingsramings in 'n aansienlike mate oorskry hoofsaaklik vanweë groter stygings in salarisse en lone as wat verwag is en meer doelmatige prosedures vir die invordering van belasting. Die hoër ontvangste uit doeane- en aksynsregte as die Begrotingsramings het plaasgevind ten spyte van die laer invorderings uit die brandstofheffing as waarvoor begroot is.

Die tekort voor lenings en skuldaflossing in die fiskale jaar 1990/91 het R7 267 miljoen, of ongeveer 2,7 persent van die bruto binnelandse produk, bedra. In die Begroting vir 1990/91 is daar voorsiening gemaak vir 'n groter tekort van R7 994 miljoen of 2,8 persent van die bruto binnelandse produk. Nadat die diskonto van R2 966 miljoen op nuwe staats-effekte in berekening gebring is, het die totale tekort R10 233 miljoen bedra, wat uit die volgende bronne gefinansier is:

	R miljoene
Openbare Beleggingskommissaris	4 201
Nie-bank- private sektor	4 432
Banksektor:	
Korporasie vir Openbare Deposito's	505
Ander banke	9 013
Buitelandse sektor	-79
Totale bruto finansiering	18 072
Min betalings aan:	
OOT	2 000
Suid-Afrikaanse Reserwebank	3 000
Staatspensioenfondse	1 000
Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika	216
Min oordragte na die Stabilisasierekening	1 623
Totale netto finansiering van die tekort en diskonto	10 233

Die Staatsbegroting vir 1991/92


In sy voorlegging van die Begroting vir die fiskale jaar 1991/92 aan die Parlement op 20 Maart 1991, het die Minister van Finansies verklaar dat die tema van die Begroting "gelykberegtiging deur groei en stabiliteit" is. Die Minister het "gelykberegtiging" beskryf as optredes deur die Regering om aan die inkomstekant op die billikste wyse moontlik te neem en aan die uitgawekant as aksies om aan diegene wat wesenlike gebrek ly 'n kans te gee om te oorlewe. Die deurslaggewende aspek in die Begroting was om te verseker dat 'n behoorlike balans gehandhaaf word tussen die dringende behoefte vir die welsynshulp en die minstens ewe dringende behoefte aan vinniger ekonomiese groei.

Die aspekte in die Begroting wat dien om 'n klimaat vir groei en werkskepping daar te stel is deur die Minister opgesom as die versterking van die afwaartse neiging in inflasie, die handhawing van 'n betreklik stabiele wisselkoers van die rand, die bevordering van 'n klimaat wat investering sal aanmoedig, die ondersteuning van instellings wat bydra tot werkskepping en die bevordering van klein sakeondernemings. Die Minister het ook melding gemaak van sekere aspekte van die Begroting wat daarop gemik was om 'n klimaat vir stabiliteit te skep, soos 'n toename in sosiale besteding, die uitbreiding van die Polisiemag en die handhawing van fiskale dissipline.

In ooreenstemming met die dringende behoeftes van 'n groeiende deel van die bevolking, is 'n groot deel van die staatsfondse toegewys aan 'n versterking van die aandeel van sosiale dienste in die totale staatsbesteding van 38,7 persent in die fiskale jaar 1990/91 tot 40,5 persent in die fiskale jaar 1991/92. In die besonder het die Minister aanmerklike verhogings in die besteding aan onderwys en aan maatskaplike bystandstoelaes aangekondig. Betreklik klein verhogings in die besteding aan behuising en gesondheid is, soos deur die Minister verduidelik, moontlik gemaak deur die groot besteding aan behuising deur die Onafhanklike Ontwikkelingstrust en die stygende besteding deur die private sektor aan genesende gesondheidsdienste vir daardie deel van die bevolking wat dit kan bekostig om koste-verwante tariewe te betaal. Aansienlike besnoeiings in die uitgawes op verdediging is in die Begroting aangekondig, waarvan 'n groot deel ongelukkig vir die handhawing van wet en orde in die binneland angewend moet word. Die Minister het ook vir 'n aansienlike toename in die vergoeding van die staatsdienspersoneel voorsiening gemaak.

Aan die inkomstekant van die Begroting was die hoofkenmerk die aankondiging van die instelling van die Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) vanaf 30 September 1991 teen 'n koers van 12 persent om die bestaande algemene verkoopbelas-

Tekort voor lenings



ting van 13 persent te vervang. Ander belastingvoorstelle vir die fiskale jaar 1991/92 het ingesluit 'n verhoging van aksynsregte, 'n verdere uitfasering van die bobelasting op die invoer van veral kapitaal- en intermediêre goedere, 'n verhoging van die brandstofheffing, verlagings van die belastingkoerse op verhandelbare effekte en die seëlreg, die instelling van 'n nuwe belasting op die rente-ontvangstes van depositonemende instellings, 'n hersiene belastingformule om die belasting op goudmyne te verlig, die verlaging van die belastingkoers op maatskappye van 50 tot 48 persent, die verlaging van die marginale belastingkoers vir getroude mans van 44 tot 43 persent, die afsonderlike belasting van getroude vroue se beleggingsinkomste en 'n verhoging van die SIBW-plafon tot R50 000.

Staatsbesteding, insluitende 'n gebeurlikheidsreserwe van R1,2 miljard, is begroot om met 13,7 persent en staatsinkomste om met 11,1 persent in die 1991/92 fiskale jaar te styg. Geïdentifiseerde kapitaaluitgawes is geraam op R5,4 miljard, of ongeveer 1,8 persent van die verwagte bruto binnelandse produk. In die lig van die vinniger styging in besteding as in inkomste, word beraam dat die tekort voor lenings van R7 267 miljoen in die fiskale jaar 1990/91 tot R10 118 miljoen in die fiskale jaar 1991/92 sal toeneem, of van 2,7 tot 3,4 persent van die verwagte bruto binnelandse produk. Daar is verder voorgestel dat hierdie tekort hoofsaaklik deur die uitreiking van nuwe staatseffekte en deur die aanwending van beskikbare saldo's gefinansier sal word.

Begroting vir 1991/92

	R miljoene
Inkomste	74 866
Besteding	84 984
Tekort (voor lenings)	<u>10 118</u>

Finansiering (netto na leningsterugbetalings):

Nuwe uitgiftes van staatseffekte	9 181
Nie-bemarkbare obligasies	-185
Buitelandse lenings	3
Verkope van bates	950
Aanwending van beskikbare saldo's	<u>2 003</u>
	11 952
Min Oordragte en betalings	<u>1 834</u>
Totale netto finansiering	<u>10 118</u>

Skatkisrekening in April 1991

In April 1991, dit wil sê die eerste maand van die fiskale jaar 1991/92, was die Skatkisuitreikings (ná die gebruikelike aanpassing vir veranderings in die saldo op die Betaalmeester-generaalrekening) 28,3 persent hoër as in April 1990. Skatkisontvangste het ook vinniger toegeneem as waarvoor daar in die Begroting voorsiening gemaak is en het, in vergelyking met dieselfde maand van die vorige jaar, met 16,1 persent toegeneem. Die tekort voor lenings het in April 1991 R2 726 miljoen bedra, wat die tekort in April 1990 met soveel as R1 022 miljoen of 60 persent oorskry het.